# Christus se soldate loof

***"En skielik was daar saam met die engel 'n menigte van die hemelse leërskare wat God prys..." (Luk 2:13)***

Bestaan Kersfees nie uit die een teenstelling na die ander nie? Was Jesus die Seun van Dawid deur die geslag van Josef? Of ook deur Maria? Is Jesus gebore in 'n stal van 'n boerdery, of op die onderste verdieping van 'n herberg, of in 'n grot? Is die prentjie van die herders idillies, of is hulle die uitgeworpenes van die samelewing? Is hulle nou eenmaal wakker in die nag, of was dit 'n simbool van God se herderskap? Jaar na jaar hoor ons teenstellings in die verskillende verklarings wat aan die Kersfeesgebeure gegee word.

## Soldate

En dit geld ook van die engele bo die velde van Efrata. "Glo-ho-ho-ho-ria" – so laat ons hulle harmonieus sing. En ons "Ere aan God" suggereer in sy melodie bo-aardse rus. Diepe vrede hang oor die heuwels rondom Betlehem. Engele is immers hemelse lofsangers.

Nee, – en nou is ons by die teenstelling – by die engel wat die boodskap gebring het, het 'n leërmag hulleself gevoeg. Hulle dra nie lang koorklere nie, maar uniform. In hulle hand hou hulle nie trompette nie, maar 'n swaard. Hulle sing nie 'n lied nie, maar roep 'n leuse. Hulle tree aan vir die stryd. Die vrede waaroor hulle spreek, daarvoor veg hulle. Engele is hemelse soldate. Albei hierdie aspekte kom hier na vore. Die teenstelling gaan nog dieper: ons sien sóldate wat lóóf.

## Die Heer met sy leërskare

Engele *is* hemelse voorgangers in die lof op God. Engele het *egter ook* tydelik hemelse soldate geword vir die stryd op aarde. Hulle is geskape om die heerlikheid van God te onderstreep. Dus moet hulle meestry in 'n wêreld waar die eer van God aangetas word. Hulle bestaan om God se mense te dien. En dan kan hulle ook nie agterbly as God besig is om mense te bevry nie.

Maar die teenstelling is nog dieper: by die Heer. Keiser Augustus dwing van sy troon die hele wêreld in die patroon van sy vrede. In Lukas se tyd sing die digters oor Augustus, die Heiland, die Heer en sy vrede vir Rome. Augustus se mag is in sy leërs wat op die aarde stry. Rooi-helms wat die vrede forseer.

Messias Jesus kom lê in 'n rommelrige voerbak. Niks hiervan is dwingend nie. Is hierdie Jesus díé Heer? Kom sy vrede op aarde? Dit lyk glad nie so nie. Maar wat by die eerste kyk nie werklik oortuigend is nie, kry by nadere ondersoek 'n duidelike bevestiging. Jesus se mag is in sy sterwe wat sal vrede bring. Sy hemelse leërs onderstreep wat jy in geloof kan sien.

## Die Heer sonder sy leërskare

God se leërs tree aan. Maar nie om die stryd te begin nie. Swaar bewapen bars hulle uit in 'n lied. Die leër mag eers 'n koor wees. Soldate, maar hulle loof God.

Want waar is hierdie mag teenwoordig? Nie op die oorlogstoneel nie. Nie rondom die krip waar die klein kind is nie. Nie om daar die Heer 'n handjie te help nie. Nee, êrens in die landstreek, uit die omgewing van die herberg. Daar waar 'n boodskap aan die herders gebring word. Die hemelse

leër kom nie om self te veg nie. Hulle kom mense oortuig dat hierdie Heer sal veg. Hulle kom nie om die vrede af te dwing nie, maar om dit te besing. *Hy* is u vrede!

God se lig straal nie oor die kind nie, maar oor die herders. God se leër drom nie saam by die kind nie, maar by hulle. Die Heer kom lydend stry. Hy sien af van sy leërs. Eensaam en kwesbaar lê Hy Homself neer in vyandelike gebied. Eensaam en verswak sal Hy later die aanvalle van die satan trotseer (Matt 4). Sonder engele wat Hom op die hande dra. Pas na die tyd kom hulle Hom dien. Eensaam en sonder eer soek Hy uiteindelik sy doodsvonnis en vra sy Vader nie vir die hulp van die leërskare van engele nie.

Nou dat die Heer Self kom stry, rus sy hemelse leër tydelik en bestaan hulle werk nog slegs daaruit om God se werk te loof.

## Stryders van die Heer

Die Kersfees bestaan uit die felste teenstellings, wat die mooiste harmonie sal bring. Engele stimuleer ons tot ‘n stryd wat alreeds gestry is. As jy dit sien, dan durf jy om jouself voluit hiervoor te gee. Om dit in ons wêreld te sien, vra dat ons vir ‘n oomblik rus neem van die geveg. Vir ‘n oomblik alle aandag vir jou Heer. Vir ‘n oomblik stryder wees wat tyd neem om te loof. Onder die beskerming van God se vredesmag kan jy Kersfees vier.

En die engele? Hulle is dienspligtige soldate wat vir ‘n tydjie weer daardie werk doen wat hulle voor en na hulle militêre loopbaan doen: om God te loof. Net vir ‘n tydjie, want as die Heer die vrede gewen het, moet die leërskare weer stryd voer. Nie om die vrede te bring nie. Maar om die vrede deur te voer en om ons by die vrede te bewaar.

ALT de Bruijne

© by skrywer - 2009
www.christelikebiblioteek.co.za